



COMMUNIQUÉ AAN SUT PERSONEEL

HUDIGE SITUASIE OP KAMPUS EN VERWANTE COVID-19 ONDERSTEUNING

3 JULIE 2020

2020 #24

Liewe Kollegas (SUT Personeel)

Soos verwag, neem die COVID-19 gevalle in Suid-Afrika toe namate dit nader aan die piek beweeg. Dit veroorsaak groot angs en vrees onder alle burgers – veral sommige van julle wat jul werksaktiwiteite onder vlak 3 van die inperking hervat het. Ons erken jul vrese, en wil julle verseker dat jul veiligheid op kampus ons eerste prioriteit is. As Bestuur wy ons ons daaraan toe om al ons personeel in die huidige omstandighede binne ons vermoë by te staan, en om 'n veilige werksomgewing te skep. Ek wil julle graag van opgedateerde inligting rakende die huidige SUT situasie voorsien.

Akademiese aktiwiteite op kampus en aanlyn: Akademiese aktiwiteite op kampus het op 15 Junie 2020 begin, met 127 studente wat op 1 Junie 2020 onder vlak 4 van die inperking teruggekeer het vir kliniese opleiding. Nog twee groepe het tydens vlak 3 van die inperking teruggekeer. Die tweede groep het op 29 Junie 2020 met akademiese aktiwiteite op kampus begin, terwyl die derde groep op 6 Julie 2020 daarmee sal begin. Die akademiese aktiwiteite vir studente wat onder vlak 3 van die inperking na die kampus terugkeer, is meerendeels laboratoriumwerk en/of behels die gebruik van tegniese toerusting. Vir die res van die studente gaan multimodel-onderrig en -leer voort.

Tot op hede is 4 201 toegangsperritte aan studente uitgereik (3 155 vir Bloemfontein, en 1 046 vir Welkom). 'n Addisionele 113 perritte is uitgereik aan studente sonder konnektiwiteit (waarvan 52 in kampuskoshuise, en 61 in privaatkoshuise woon). Teen 1 Julie 2020 was daar 190 akademiese personeel op kampus (160 in Bloemfontein, en 30 in Welkom). Na wat verwag word sal 'n totaal van 5 470 studente (3 995 in Bloemfontein, en 1 475 in Welkom), en 'n totaal van 232 akademiese personeel (186 in Bloemfontein, en 46 in Welkom), uitsluitende noodsaaklike dienspersoneel, teen 6 Julie 2020 op die twee kampsusse wees.

SUT koshuise: Daar is tans 145 studente in die studentekoshuise op die Bloemfontein kampus, en ons verwag nog 53 studente teen die 6^{de} Julie 2020. Ons het tans 41 studente in die studentekoshuise op die Welkom kampus, en nog 50 studente word teen die 6^{de} Julie 2020 verwag. Dit bring die totale getal studente in ons koshuise op beide kampsusse op 289 te staan, wat steeds binne die besettingsregulasie van 33% is.

Internasionale studente: Die Sentrum vir Globale Betrekkinge (SGB) kommunikeer voortdurend met ons plaaslike en oorsese internasionale studente. Toestelle is reeds aan studente wat in Maseru bly gelewer, en ander areas sal hierdie week vasgestel word. Ons werk saam met Vodacom Suid-Afrika (SA) rakende die oopsluiting van toestelle wat aan studente buite die SA grense gestuur is. Vodacom Lesotho het die oordrag van data aan daardie studente wat hul inligting aan die SGB deurgegee het, bevestig. Reëlins vir toestelle en databondels vir studente wat in Botswana en Namibië bly, is ook getref. Nagraadse studente, veral meesters- en doktorsgraadstudente, kommunikeer voortdurend met hul studieleiers deur middel van verskeie digitale media.

Kampusgereedheid: Bykomend tot die COVID-19 skanderingsprosedures by al die ingange tot die kampus, is verdere maatreëls ook volgens protokol geïmplementeer. Bykans 500 handsaniteringstasies is in geboue en by die ingange tot beide kampsusse geïnstalleer om gereelde handsanitering te ondersteun. Twee wasbare materiaalmaskers is ook aan elke personeellid uitgereik, wat te alle tye op kampus gedra moet word. Me. Rose Khwane kan by rkhwane@cut.ac.za gekontak word vir personeel se maskers, terwyl mnr. Thapelo Mogashoa by smogashoa@cut.ac.za gekontak kan word vir studente se maskers.

Gaan asseblief voort om ons [COVID-19 Inligtingsentrum](#) te besoek vir geldige en opgedateerde inligting, en maak gebruik van die skanderingstoestel om die toegangsproses tot die kampus te bespoedig; besoek healthcheck.higherhealth.ac.za; WhatsApp 0600 110 000 <https://wa.me/27600110000?text=hi>; of maak gebruik van die Ongestruktureerde Aanvullende Diensdata (“USSD”) lyn *134*832*2# om dit af te laai.

Toestelle en data: Teen die einde van volgende week sal ons 'n totaal van 2 294 tablette aan ons studente verskaf het. Die oorblywende tablette is steeds beskikbaar, en studente moet asseblief die universiteit kontak indien hulle 'n toestel benodig. Ek vertrou dat ons dosente ons in hierdie verband sal bystaan – raadpleeg asseblief die hegstuk *Belangrike SUT Kontakbesonderhede*. Met betrekking tot data, sal 30 GB databondels (10 GB dagtyd- en 20 GB nagtydbondels), vir slegs drie maande, effektief vanaf 1 Julie 2020, aan alle Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (“NSFAS”) en Funza Lushaka SUT student (ongeveer 13 000 studente), verskaf word. Die onbefondste studente, ongeveer 7 500 in totaal, sal ook vir drie maande van data verskaf word. Die Studenterade (SRs) op beide kampusse het ingestem dat hul deel van hul operasionele begroting vir hierdie doeleinde gebruik mag word, en die Bestuurskomitee sal dit aanvul. Dit is inderdaad uitmuntende en onbaatsugtige leierskap deur ons studente-leiers.

Welstandsondersteuning: Ons wellness@cut.ac.za word voortdurend gemonitor om onmiddellike bystand te lewer, waar nodig. Ses voorafgelaai selfone word deur Sielkundiges en Maatskaplike Werkers beman om ondersteuning op aanvraag te lewer, terwyl 'n Psigiater ook op bystand is vir noodgevalle. Die verskeie aanlyn-ondersteuningsgroepe en opleiding wat verskaf word, verseker die welstand en gereedheid van personeel op ons Welkom kampus. Verder kan SUT personeel ook gebruik maak van die Careways Personeel Welstandsprogram, wat ondersteuning aan personeel en hul afhanklikes verleen rakende verskeie welstandsverwante sake, insluitende emosionele en sielkundige welstand; familie- en sosiale lewe; en werksverwante sake. Kontak Careways by 0800 004 770 (tolvry) | WhatsApp 066 488 2273 (geskrewe versoeke) | SMS jou naam na 31581 | stuur 'n e-pos na care@carewaysgroup.com / ewp@carewaysgroup.com.

Ten einde personeel se welstand verder te ondersteun, sal Careways webinare oor die volgende onderwerpe in Julie en Augustus gereël word: afstandswerk; hoe om die stres van die inperking te bestuur; stres en veerkrachtigheid tydens inperking; hoe om geestesgesondheid tydens die inperking te handhaaf; selfbewussyn en emosionele welstand; en leefstylkwessies tydens die inperking – impak op gesondheid en welstand. Die datums en inligting oor hoe om aan te sluit, sal via *Thutong Today* gekommunikeer word.

Vind asseblief aangeheg as **Belangrike SUT kontakbesonderhede** 'n lys van belangrike kontakbesonderhede vir jul gerief, vir enige bystand wat julle benodig.

Ons bly daaraan toegewy om ons studente te help om die 2020 akademiese jaar suksesvol te voltooi, en om ons personeel te ondersteun. Dankie vir jul volgehoue ondersteuning! Bestuur is ook dankbaar vir die ondersteuning, bydraes en leierskap van ons twee vakbonde, Nehawu en Nteu, en vir hul kritiese rol om Bestuur by te staan om die veiligheid en welstand van ons personeel te verseker. Ons wil ook hê julle moet weet dat ons ten volle bewus is van die ontberings wat julle in hierdie tyd moet trotseer. Wees verseker dat julle nie alleen is gedurende hierdie uitdagende tye nie! Ons bly egter positief dat die SUT gemeenskap, en Suid-Afrika as 'n nasie, deur middel van hierdie krisis sterker en meer verenig as ooit sal word. Laat ons almal die welbekende gesegde: “Krisis bou nie karakter nie, dit openbaar dit”, omarm. Pas juisself op, en wees veilig!

Vriendelike groete / Kind regards / Ditumediso tse mofuthu

Prof. Henk de Jager

Visekanselier en Rektor

Belangrike SUT kontakbesonderhede



Akademiese aktiwiteite aanlyn en op kampus

Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingstechnologie: zmalan@cut.ac.za

Fakulteit Bestuurswetenskappe: [kmatete@cut.ac.za](mailto:kmate@cut.ac.za)

Fakulteit Geesteswetenskappe: bmolokwane@cut.ac.za

Fakulteit Gesondheids- en Omgewingswetenskappe: tmasoeu@cut.ac.za

Welkom kampus (alle fakulteite): njoannou@cut.ac.za



SUT koshuise

Bestuurder: Koshuislewe
ssepeng@cut.ac.za



Internasionale studente

Direkteur: Sentrum vir Globale Betrekkinge
ljackson@cut.ac.za



Kampusgereedheid

Skanderingstoestel vir toegang

Laai af: healthcheck.higherhealth.ac.za

WhatsApp: 0600 110 000 <https://wa.me/27600110000?text=hi>

Ongestruktureerde Aanvullende Diensdata ("USSD") lyn: *134*832*2#



Toestelle en data

studentsupport@cut.ac.za

eThuto

ethuto@cut.ac.za



Welstandsondersteuning

StuComm Toep

ER24: 084 124

Careways: 0800 004 7700 | SMS 31581 | care@carewaysgroup.com

CUT Welstand: wellness@cut.ac.za



COVID-19 Inligting

<https://www.cut.ac.za/coronavirus>